


FOTO 10 (Foto: C.F. Möller)

Kowaneng en Jalwabogolo vanuit ´n N.O. hoek geneem.






FOTO 11 (Foto: C.F. Möller)

Jalwabogolo en Kowaneng of Sekonyelaberg waarvandaan die Batlokwa die Maribeng verdryf het.

respek vir sy besluite regeer. Sy optrede en besluitneming was power, dus het hy min gesag en ontsag afgedwing. (Bryant, 1929:152; Wilson & Thompson, 1982:398.)

In 1829 het Moshesh ´n strooptog onder die Thembo onderneem. Tydens sy afwesigheid het hy ter goedertrou sy kraal aan die sorg en beskerming van Sekonyela toevertrou. Sekonyela het die vertroue geskend deur Thaba Bosego binne te dring en enkele van Moshesh se vroue, vee en voedsel te roof. Tot sy skande is hy egter afgeweer deur Moshesh se senior seun Letsi, ´n inisiant op daardie stadium, en die inisiante van die bogwêra. Sekonyela het alles wat hy geroof het weer in die skermutseling verloor. (Wilson & Thompson, 1982:400.)

In 1833 het die Wesleyaanse sendelinge hul in die omgewing van die Batlokwa gevestig, en hul begin kersten. In 1837 het Sekonyela egter verdere strooptogte oor die Drakensberge, in Ngunigebied geloods, en dit het hom in direkte konfrontasie met Dingaan laat kom. Laasgenoemde het in 1838, toe Piet Retief, die Voortrekkerleier, by hom kom onderhandel het om besitreg van grond vir die Voortrekkers, die voorwaarde gestel dat Retief die beeste wat Sekonyela van sy mense geroof het, moet terugbring. Van der Walt et al. (1966:211) verklaar: "Op 11 Januarie 1838 was hy (Retief) al weer met die beeste, wat hy sonder slag of stoot van Sekonyela geneem het, terug in die laers aan die Natalse voet van die berg."

### 4.2.7 Slotsom

Nie veel is verder bekend oor die Batlokwa van Mantatese nie, behalwe dat die finale slag hul toegedien is deur Moshesh op 22 Oktober 1853, waarna die stam gedisintegreer het, en geen verdere noemenswaardige rol gespeel het nie. Tans woon die nageslag van Mantatese te Witsieshoek, Qwa-qwa, onder hul leier, Wessel Mota.

Retrospektief kan die rol van Mantatese, Sekonyela en die Batlokwa in die volgende gedagtes saamgevat word:




FOTO 12

Wessel Mota. Vyfde geslag na Mantatese en huidige Hoofman van die Batlokwa




FOTO 13

Gedenksuil ter ere van die Batlokwa (Witsieshoek: Qwa-Qwa.)

* Dat die Batlokwa deur hul algemene optrede en lewenswyse betrek is in die proses van Difaqane;

* dat hul bydrae tot die Difaqane nie net op die Vrystaatse Hoëveldgebied lê nie, maar sover as die Laeveldgebiede van Natal gestrek het;

* dat die rooftogte wat deur die Batlokwa geloods is verdere rooftogte deur die beroofdes tot gevolg gehad het, en ´n kettingreaksie oor die hele sentraal Suid-Afrikaanse gebied tot gevolg gehad het;

* dat die gevolge van hul terreurdade ´n invloed uitgeoefen het op die ekonomiese, sosiale en politieke lewensterreine van etlike bantoestamme, -groepe of -sibbes van Suider-Afrika.

## 4.3 Mzilikaze (Matabele)

### 4.3.1 Mzilikaze: Van kind tot stamhoof


Die mening word hier gehuldig dat, indien Mzilikazi vandag sou geleef het, hy geklassifiseer sou word as ´n skisofreen, want:

* Die een oomblik was hy die nederigheid self, wat met ´n glimlag aan die hand van Moffat rondgelei kon word soos ´n kind. (Wallis, 1945:73 - vol.I.)


* Die volgende oomblik kon hy tier, raas en persone ter dood veroordeel net omdat hul hom nie na sy smaak hanteer het nie. So is sy suster, Ning-Ning, wat ´n groot bewonderaar van hom was, ter dood veroordeel. (Gronum, 1978:33).

Die invloed wat Mzilikaze uitgeoefen het op die destabilisering van die binneland van Suider-Afrika, was die grootste van al die karakters wat ´n rol vertolk het tydens die Difaqanedrama

> "Thus he came to earn the reputation of one of the most savage destroyers of human life in the history of South Africa: a tyrant who wallowed in blood and rejoiced in the



KALAHARI
Bamangwato
Mapela
Tlogotulo
(Marap)
Kopanyeng
(Sebeku)
Bahurut
Tswenyane
Bangwaketsi
Phitsane
MOSEGA
MAFIKENG
Bahurutshe
Kaditshwene
Bahurutshe ba ga
Mokgatla
Barolong boo
Rratshidi ba ga Tawana
Barolong boo
Rrapulana
SETLAGOLE
Barolong ba ga Matlako ("Kgosi")
Khunwana
Barolong ba ga
Motlhabe
Dassierand
PARYS
VEGKOP
Barolong boo Seleka
ba ga Sefunelo
MAKWASSIE
Dithakong
KURUMAN
Kurumanheuwel
Molopörivier
Maricorivier
Krokodilrivier
Emhlanhlandela
Bakwêna ba ga Setshele
Mmatlhaku
Endinaneni
Bakwêna ba ga
Mmatau
Bakwêna ba ga
Rramanamêla
Enkungwini
Apiesrivier
MAGALIESBERGE
Bapedi
Olifantsrivier
Steelpoortrivier
MIDDELBURG
SWAZILAND
MBABANE
ERMELO
LEBOMBOBERGE
Maphuting ba ga
Tshwane
Watervalrivier
Vaalrivier
PIET RETIEF
Bataung
Bamolebedi ba ga
Rratsosana
Pongolarivier
Bataung ba ga
Moletsane
Kroonstad
Vaalrivier
Hartsrivier
Vetrivier
Sandrivier
Valsrivier
Wilgerivier
UTRECHT
VRYHEID
Nongoma
Batlokwa ba ga
Mantatese
Sefata
Buffelsrivier
Wit Mfolozirivier
Swart Mfolozirivier
Qokoliheuwel
EMPANGENI
Tugelarivier
Bafokeng ba Mare
ba ga Sebetwane
Kurutlele
Yalwabogolo
BUTHA
BUTHE
Maboleia
Senyoteng
Thaba Bosigo
DRAKENSBERGE
Thaba Nchu
Rietrivier
Oranjerivier
MZILIKAZE



MZILIKAZE (Khumalo) Matabele
Shoshong
Bangwaketsi
Bamangwato
Mapela
Bakgatla
KALAHARI
Kopanyeng
Sebeku
Bakwêna ba ga Setshele
Bakwêna ba ga
Mmatthaku (gevang)
Bakwêna ba ga
Mmatau se
Bakwêna (gevang)
Bakwêna ba ga
Rramanamêla
Endinaneni
Bapedi
Steelpoortrivier
Olifantsrivier
Krokodilrivier
Apiesrivier
Marikorivier
Pagskraal
(Kobalonta)
(Marap)
1832
1825
Bahurut
(Kampu)
Tswenyane
Kopjeskraal
Bahurutshe
Kaditshwene
Bahurutshe ba ga
Mokgatla (Jacobsdal)
Bangwaketsi
(Kalipi)
MOSEGA
Phitsane
MAFIKENG
Barolong boo
Rratshidi ba ga Tawana
Barolong boo
Rrapulana
Moloporivier
Emhlahlandela
Enkungwini
MAGALIESBERGE
Ekupumeleni (Khumalo
word Matabele)
MIDDELBURG
Maphuting ba ga
Mokotoko
SWAZILAND
MBABANE
LEBOMBOBERGE
SETLAGOLE
Barolong ba ga Matlako ("Kgosi")
Khunwana
Barolong ba ga
Motlhabe
Mooirivier
Dassierand
Aanvalle teen
Maphuting ba ga
Tshwane
ERMELO
Grasskuilings
teen koue
Steek platorand oor
Nyôka se Ngwane
word verslaan
PIET RETIEF
PARYS
VEGKOP
Liebenbergmoord
Watervalrivier
Vaalrivier
Barolong boo Seleka
ba ga Sefunelo
MAKWASSIE
Bataung
Bamolebedi ba ga
Rratsosana
Dithakong
KURUMAN
Kurumanheuwel
Bataung ba ga
Moletsane
Basotho-aanslag
Valsrivier
Wilgerivier
Pongolarivier
UTRECHT
VRYHEID
Nzeni pleeg
verraad
Nongoma
Entumbene
Ngomewoud
Vaalrivier
Vetrivier
Sandrivier
Vetrivier
Hartsrivier
Batlokwa ba ga
Mantatese
Sefata
Wit Mfolozirivier
Swart Mfolozirivier
Buffelsrivier
Qokoliheuwel
EMPANGENI
Bafokeng ba Mare
ba ga Sebetwane
Kurutlele
Yalwabogolo
BUTHA
BUTHE
Tugelarivier
Modderrivier
Rietrivier
Maart 1831
Thaba Nchu
Mislukte beleg teen
Moshesh
Wel baie vee langs die
Caledon gebuit
Mabolela
Senyoteng
Thaba Bosigo
DRAKENSBERGE
Rietrivier
Oranjerivier
Peka

smoke of burning villages." (Omer-Cooper, 1969:130.)

Die wyse waarop te werk gegaan is, het gespreek van deeglikheid en gedissiplineerdheid. Mzilikaze het nie net vernietig nie - hy het ook opgebou. In vergelyking met Mantatese, Mpangazita en Matiwane, sowel as Moshesh, lê die verskil daarin dat eersgenoemde drie slegs vernietig het, met die primêre behoefte tot oorlewing, terwyl Moshesh weer net mense versamel het om rondom sy vesting ´n buffer teen sy vyand op te bou. Mzilikaze het met brute geweld verdelg, dog ook mense versamel om sy stam te vergroot. Sy wyse van vergelding het met koelbloedige oorleg en planmatigheid geskied.

Mzilikaze is gebore uit die hoofhut van die Khumalostamhoof. Sy vader, Mashobane, het as eerste vrou uit die dogters van Zwide, heerser van die Ndwandweryk, vir Nsimbakazana geneem.

Dus was Mzilikaze, ("Pad van Bloed") nie net van adellike afkoms uit die Khumalo nie, maar ook deur sy moederlinie gekoppel aan die koningshuis van die Ndwandwe. Vandaar dat hy vir Tsjaka aanvaarbaar was om die Ndwandwe en Khumalo tot sy ryk toegevoeg te kry.

Mashobane en Nsimbakazana, Mzilikaze se ouers, is deur Zwide se Ndwandwe in ´n wraakveldtog gedood. Die dood spruit direk uit Zwide se sug na ekspansionisme, oorheersing en onderwerping van die Noordelike Ngunistamme. Beweerde verraad deur die Khumalo teen Zwide het as gevolg gehad dat eers die Suidelike-, en daarna die Noordelike-Khumalo in die strafekspedisies deur die Ndwandwe aangeval is. (Ritter, 1962:136.)

Zwide ontbied sy kleinseun, Mzilikaze, na Nongoma, waar hy hom as kaptein in die plek van Mashobane, oor die Khumalo aanstel. (Omer-Cooper, 1969:129.) Mzilikaze keer terug na die oostekant van die Ngomewoud, waar die Khumalo se tradisionele tuiste was, met die gedagte om die Khumalo so spoedig moontlik teen Zwide te beskerm.

### 4.3.2 ´n Veiliger hawe vir die Khumalo

Tydens die winter van 1818 het Zwide al sy magte teen die Zoeloes laat opruk. Die daaropvolgende slag te Qokoliheuwel (kyk 2.4.3), waartydens die Zoeloe-impi´s nie net die Ndwandweleër verneder het nie, maar ook al vyf van Zwide se seuns gedood is, is weer voorafgegaan deur verraad in Ndwandwegeledere. Dus het Mzilikaze, uit vrees vir ´n herhaling van Zwide se wraak, die Khumalo bymekaargemaak en oor die twee Mfulosiriviere die Zoeloeryk binnegetrek op soek na asiel vir hom en sy mense by Tsjaka. (Ritter, 1962:137; Becker, 1962:17.)

Om sy lojaliteit aan sy beskermheer te bewys, het Mzilikaze in 1819 deelgeneem aan die finale slag teen die Ndwandwe. Tydens die slag, waar Mzilikaze die aanvoerder oor die verwante Noordelike- en Suidelike-Khumalos, die Mabasos, die Kozas, Magubane en die Nkubeni was, het hy hom onderskei as ´n dapper vegsman en veldheer van formaat. Op die wyse het hy guns verower by Tsjaka, sodat laasgenoemde hom en die Khumalos die reg verleen het om in 1821 terug te keer na die gebied van herkoms. Dit wil sê die gebied noord van die Swart Umfolozi en oos van die Ngomewoud.

Om die reg tot okkupasie te verkry, moes Mzilikaze ´n strooptog uitvoer op Rranisi, waarskynlik ´n kaptein van ´n Sothogroep, vermoedelik toe woonagtig suid van die huidige Chrissiesmeergebied. Toestemming is deur Tsjaka verleen om die Khumalostamgenote, op pad na Rranisi, saam te neem en eers in hul ou stamgebied te vestig, voordat die impi die aanval op Rranisi sou loods. (Becker, 1962:22.) Die hervestiging en strooptog teen Rranisi het suksesvol verloop. Die beeskrale van die Khumalo is gevul met Sothobeeste. Dog die beeste het volgens tradisie aan Tsjaka behoort, en moes afgelewer word. (Omer-Cooper, 1969:131.) By twee geleenthede is Mzilikaze deur Zoeloeringkoppe versoek om die beeste aan Tsjaka te besorg. By die laaste geleentheid het Mzilikaze die ongehoorde daad begaan deur die pluimvere uit die boodskappers se hoofbande te ruk, en hul aldus te verneder. (Omer-Cooper, 1969:131.)

In 1823 stuur Tsjaka ´n strafimpi teen Mzilikaze om sy grootdoenerige ongehoorsaamheid te straf. Die Khumalo maak hul gereed om die wyk te neem. ´n Groep, wat die beeste onder hul sorg gehad het, skuil in die Ngomewoud, terwyl die grootste groep, wat ook vroue en kinders insluit, skuilhou bo-op die feitlik oninneembare Entumbanekop, naby die huidige Vryheid. (Becker, 1962:25.) (Kyk foto.)

Ten spyte van die oninneembaarheid van Entumbane, is die Khumalo tog deur die Zoeloe-impi uitgedryf, omdat verraad deur Mzilikaze se halfbroer, Nzeni, gepleeg is. Nzeni het die Zoeloe-impi teen die enigste pas wat toegang tot Entumbane verleen het, uitgelei, en so is die Khumalos van agter af aangeval.

Hierdie aanval op Mzilikaze deur die Zoeloes het ´n einde gebring aan die Khumalo se verblyf in Natal, dog nie ´n einde aan die stryd tussen Zoeloe en Khumalo nie.

4.3.3 Onderwerpingstog in die Hoëveld

Die vlugroete wat die Khumalo onder die gramskap van die Zoeloe uit gevolg het, het in ´n noord-westelike rigting gelê, om die Drakensberge platorand te Piet Retief oor te steek.

Die eerste groep, wat die nuwe lid in die Difaqanevennootskap aangeval het, was die Ngwanesibbe onder Nyôka. Nyôka het veilige deurgang deur sy gebied aan Mzilikaze geweier, en onmiddellik ´n boodskap aan Tsjaka gestuur om die teenwoordigheid van die Khumalo in sy gebied (Noord-Vryheiddistrik) aan hom bekend te maak.

Die wyse waarop Mzilikaze wraak geneem het op Nyôka is ´n patroon wat deurgaans deur hom in sy onderwerpingsveldtogte gevolg is:

> Die kraal word gedurende die nag omsingel; teen ligdag word dit binnegeval; mans, vroue, ou vroue en ou mans word deurboor; klein kindertjies word aan hul lot oorgelaat; jong mans en meisies word gevange geneem en gebruik as vroue en bywywe, slawe en draers, en




FOTO 14

ENTUMBANE 31° 20´/27° 45´ (1274)

Vryheiddistrik (Mzilikaze het Ranisi se vee in opdrag van Tsjaka geroof - weier om terug te gee.)

(1) Berg waar Mzilikaze en sy Khumalo teen Tsjaka se Zoeloe-impi skuiling gesoek het.

(2) Nzeni, Mzilikaze se halfbroer, pleeg verraad en lei die Zoeloemag teen die berg op.



FCTO 15

Ngomewoud

Mzilikaze het die Khumalo-beeste hierin versteek tydens die strafekspedisie wat Tsjaka uitgestuur het om sy ongehoorsaamheid te straf.

die seuns is as veewagters en toekomstige soldate opgeneem. (Mönnig, 1967:22,23.)

Die graanputte en mandjies word leeggemaak en weggedra. Alle bruikbare huishoudelike toebehore word uit die hutte verwyder. Daarna word die stat of kraal aan die brand gesteek, en die vee saamgevoer. (Theal, 1908:169.)

Nadat die Drakensberg oorgesteek is, het Mzilikaze se probleme begin ernstig raak. In die Ermelodistrik, waar hy hom toe bevind het, is die Khumalo aan koue blootgestel. Die nagtemperature, waaraan hul nie gewoond was nie, het soms gedaal tot ses grade onder vriespunt. Skuilings van gras is inderhaas gebou om die ergste blootstelling te bekamp. Dog ´n voedseltekort het ook verdere kommer gewek. Deur die Sothostamme in die onmiddellike omgewing te eksploiteer, is die voedselprobleem opgelos.

Die Khumalo het nou ´n bedreiging vir die Sothostamme in Oos-Transvaal geword. Die Sotho was tradisioneel geen dapper soldaat of vegter nie, en dus geen werklike teenstand vir die Ngunivegters van Mzilikaze nie. (Mönning, 1967:293.)

Nadat die Maphuting (Becker, 1962:43) aangeval is, en skuiling by die Banyawa gevind is, het Sembane al die omliggende Sothostamme aangespoor tot gesamentlike optrede teen Mzilikaze. Die uitslag van die geveg was, ten spyte van ´n getalleminderheid, in die guns van die beter gedissiplineerde Khumalo.

Mzilikaze, bewus van die feit dat sy volgelinge nie meer die blootstelling aan die koue sal oorleef en ´n verdere aanslag van Sembane sal weerstaan nie, trek met sy Khumalo na ´n warmer oord. Middelburgdistrik en Steelpoortvallei word die volgende staanplek vanwaar die Difaqaneaanslae geloods word.

Met sy hoofstat, Ekupumeleni, as afspringplek, is verdere onderwerpingsveldtogte geloods. (Theal, 1809:456 - vol. I; Gronum, 1978:6.) Tydens Mzilikaze se veldtog teen die Noord-Sotho het sy krygers die naam van "Ma-thebele" verwerf. [(Thêbê is ´n skildvel.) Dus, letterlik vertaal, "die mense met die lang skildvelle".] Die krygstegniek, wat die Khumalo van die Zoeloe geleer het, om agter hul skildvelle te skuil en hulself teen assegaaie en spiese te beskerm, het aan hul ´n magiese, onoorwinlike veroweraarsgestalte verleen. Hierdie reputasie is gekoppel aan die naam Matabele wat vreesinboesemend ingewerk het op die Pedi en later die Tswana wat stelselmatig onderwerp is.

Mzilikaze se aanvalle op die Sothostamme het al meer stroombelyn geraak; so het hy sommige van sy aanvalstegnieke van Sothostamme geleer. By Mokotoko, kaptein van die Maphuting, wat met Sibindi geallieer het, het hy die waarde van vegbeeste geleer. Die Matabele het die Maphuting te Rooikraal (Middelburgdistrik) bedreig, en is toe deur die geallieerde mag van Sabindi en Mokotoko aangeval. Die Maphutingmag het ´n trop beeste, waaragter hul geskuil het, op die Ngunimag afgejaag, dog die Matabele het nie geweifel nie. Die vegbeeste is verwilder, en gevolglik is die Maphuting deur hul eie taktiek onkant betrap en vernietig. (Gronum, 1978:7.)

Die Bapedi was met die aankoms van die Matabele (Khumalo) in stamtwiste, rondom opvolgreg, gewikkel. Thulare het in 1824 gesterf, dus het sy nege seuns by sewe vroue stryd gevoer oor troonopvolging. (Mönnig, 1967:22.) Midde-in hierdie situasie van verdeeldheid het die Matabele op die Bapedi toegeslaan. Behalwe Sekwati, Seraki en Kabu, is al Thulare se seuns deur die Matabele gedood in ´n geveg wat Phetedi teen die Matabele geïnisieer het. Hierdie geveg het in die gebied by die samevloeiing van die Steelpoort- en Olifantsriviere plaasgevind.

### 4.3.4 Tswanagebied word binnegeval

Gedurende die najaar van 1825 het Mzilikaze, as gevolg van die vrees dat die Zoeloes hom te Ekupumeleni steeds maklik kan bereik, sy volgelinge aangesê om hul besittings bymekaar te maak en te versit. Nadat Ekupumeleni in as agtergelaat is, het die Matabele reg wes getrek om hul aan die noordelike hange van die Magaliesberg te vestig by die huidige Silkaatsnek.

Die Bakwênagebied wat nou betree is, was dig bewoon. Groot troppe Kwêna-vee het langs die Apies- en Krokodilriviere gewei. Mogale (Magaliesberg) se gebied was vrugbare vee-wêreld, wat vir baie jare relatief vreedsaam deur dié Tswana-vertakking bewoon is. Weer eens is die ou patroon van brandstigting, roof en assimilering deur die Matabele gevolg om die Bakwêna stelselmatig te onderwerp.

Die Bakwêna, wat die totem krokodil as prysdier vereer het, was woonagtig vanaf die Apiesrivier in die ooste, noord van die Magaliesberg, wes van die Maricorivier en suid van die Limpoporivier. Tiperend van alle Tswana, was die Bakwêna in familie-eenhede, onder die gesag van "bagolwane" (familiehoofde), oor die hele gebied woonagtig. Elke familie het sy kommunale besit oor weiding en reg om ´n stukkie grond te bewerk vir graan en groente. (Schapera, 1971:40 - Deel III.)

Hierdie relatief vreedsame mense het ´n maklike prooi vir Mzilikaze geword. Die rede is omdat dit vir die Tswana nooit, soos vir die Nguni, nodig was om in hegter eenhede as die familie-eenheid te woon nie. Ook die yl verspreiding van oppervlaktewater, in teenstelling met Natal, het die Tswana verplig om wyer verspreid te woon. Die volgende Bakwênastamme het onder die hiel van die Matabele gekom:

i) Bakwêna ba Mogôpa, wat eers deur die Bafokeng platgeloop is, (Coertze, 1971:43) is deur Mzilikaze te Mamogale verdelg.

(Sterkstroom-Rustenburgdistrik.)

Hierdie Bakwênagroep is as beeswagters en pakdraers deur die Matabele gebruik. (Omer-Cooper, 1969:134.) Moletsa, een van die junior seuns uit die kapteinshuis, het teen militêre diens onder Marap (bevelvoerder van ´n Matabele-impi) gerebelleer, en met sy ouderdomsgroep na Polokwane (Pietersburg) gevlug.

ii) Die vier stamme, wat tans bekend staan as die Bakwêna ba Rramanamela, Bakwena ba Maaka, Bakwena ba Mmatau en die Bakwena ba Mmatlhak, het oorspronklik kollektief bekend gestaan as die Bakwêna ba Modimosana. Met uitsondering van twee stamme, naamlik die van Rramanamêla en van Maaka, is al die ander verslaan, en in Matabelegeledere opgeneem. Rramanamêla het met sy volgelinge na die Vredefortomgewing gevlug, terwyl Maaka by die Bakwêna van Setshele skuiling gevind het.

iii) Die Bakwêna ba Setshele vlug later, soos so baie stamme, die Kalahari in, en kom eers na die Difaqane weer tevoorskyn. (Breutz, 1953(a):28.)

Hierdie tyd van Difaqane onder die Tswanastamme (1821 tot 1840), het begin met ´n reeks stamgevegte, hoofsaaklik oor opvolgreg, woning- en weidingregte. Die stamgevegte is opgevolg deur invalle van Sebetwane (Makololo) (1823 - 1828) en nou deur Mzilikaze se Matabele (1825 - 1837.) (Schapera, 1971:15.)

Die Bakwêna, wat van die Matabele en Makololo ontvlug het, het met hul karige besittings die bosveld ingevlug waar hul oorleef het in bome, kranse en bosse, en waar hul op kannibalistiese wyse jag gemaak het op mekaar. Sommige het deur die huidige Botswana die Kalahariwoestyn ingetrek, waar menige Mokwêna van dors en honger omgekom het. (Becker, 1962:67.)

In 1826 het Mzilikaze begin om sy verblyf alhier meer permanent te maak. Vier krale is opgerig, by eerstens Enkungwini - net noord van die huidige Wonderboom, langs die Apiesrivier. Verder noord langs die Apies se walle is Endinaneni opgerig, en Emhlahlandela is langs die Krokodilrivier gevestig. Om hierdie kraalbou-projekte tot voltooiing te bring, is gebruik gemaak van slawearbeiders. Veral Bapedimans is as bouers gebruik. Hulle is deur die Matabeli-impi op ekspedisies, wat spesiaal onderneem is om slawearbeiders te bekom, gevang. Op hierdie wyse is die stamme van die Suider-Afrikaanse Hoëveld verder verarm en tot ellende gedwing.

### 4.3.5 Territoriale uitbreiding.

Met sy vlug uit Zoeloeland het Mzilikaze slegs ´n kerngroep van 300 volgelinge gehad. (Becker, 1962:20.) Met sy onderwerpingstaktiek het sy kerngroep die gevaar geloop om deur die Sothosprekendes verswelg te word. Dus was dit vir Mzilikaze ´n bron van kommer. Om hierdie rede, en die feit dat hy ´n persoon van Nguni-oorsprong as meerderwaardig bo een van Sotho-oorsprong beskou het, het hy enige Nguni wat hom by hom wou aansluit, met ope arms ontvang, dog hierdie Ngunigroepe het nie altyd volledig met die Matabele geassimileer nie.

So het Mahlomogolo, seun van Mpangazita, wat deur Matiwane van die Ngwane by die Caledon verslaan is, in 1826 in opstand gekom teen die gesag van Mzilikaze. (Mahlomogolo het in 1825 daarin geslaag om met ´n klompie volgelinge van die Ngwane te ontsnap en hom by Mzilikaze aangesluit.) Mahlomogolo ("groot oë") wou hom nooit werklik aan die gesag van Mzilikaze onderwerp nie. (Becker, 1962:82; Omer-Cooper, 1969:90; Ellenberger & Macgregor, 1969:156). Hy het nie net met sy oorspronklike Hlubi-volgelinge gevlug nie, maar ook ander Ngunis op sy vlugtog saamgeneem.

Mzilikaze het nou sy oë nie net suidwaarts gerig tot die stabilisering van sy ryk nie, maar ook die gebied noord van van die Limpopo het nie agterweë gebly nie. Daar is die Shona van Mgiba (Zimbabwe), baie goeie veekenners, in ´n veldtog aangeval. (Bryant, 1929:135.) In dieselfde veldtog (1826) is die Makwarana-Pedi ook aangeval sowel as die volgelinge van Matamoga. Weer eens het die bose kringloop hom hier, soos langs die Caledon in die Suid-Vrystaat, herhaal. Die groep wat aangeval is, val op sy beurt weer die volgende groep aan. So het Matamoga vir Morema aangeval en beroof.

Die jare 1826 - 1827 was jare van besondere onrus, omdat Mzilikaze na my oortuiging sy nuutgevormde impi´s, wat jonk en lewenslustig was, en uit vreemdelinge (van Sotho-oorsprong) saamgestel is, tot hegte gevegseenhede saamgesnoer het, en op die proef wou stel. Hy wou die nuwe omgewing waarin hy hom nou tuisgemaak het, na behore verken. Hy wou die gevestigde inwoners wel deeglik laat kennis neem van sy voorneme om hom hier te vestig, en dat hy oor die militêre mag beskik het om dit ten uitvoer te bring.

Die Makololo van Sebetwane en die Bataung van Moletsane, twee plundergroepe, het om bogenoemde redes kennisgemaak met die mag van die Matabele. Sebetwane het in 1826 die Bangwaketse te Kanye aangeval, en Makaba, hul kaptein, is in die geveg gedood. Sy opvolger, Sebego, het met die hulp van ´n Blanke, ene Bain, en ´n groep Griekwas ´n teenoffensief geloods en die Mokololo op die vlug laat slaan. In hul noordwaartse tog is die Makololo deur die Matabele onderskep. Na twee pogings het die Matabele die Makololo van hul vee beroof, dog hulle kon die Makololo, onder aanvoering van Sebetwane, self nie verslaan nie. (Lichtenstein, 1928:48.)

Moletsane, kaptein van die Bataung, het die gevaar wat die Matabele vir hom en die ander Tswanastamme ingehou het, besef. Hy het met Jan Bloem, ´n Bergenaar-Springbokhoofman, onderhandel om ´n gesamentlike aanval teen die Matabele te loods. Om hul geledere te versterk, is ´n groep Barolong oorgehaal om die strooptog in 1829 met hul mee te maak.

Anders as die Tswanastamme, wat in hul dop gekruip het uit vrees vir die Matabele, het die Griekwas die veetroppe van Mzilikaze baie aanloklik gevind. Die Griekwas en Koranas was uitnemende veediewe. Met hul superieure wapentuig, die geweer, en hul beweeglikheid te perd, was hul die meerdere van elke stam in die verre Wes-Transvaal, Oos-Botswana en Noord-Kaap. Hulle het dieselfde veronderstelling gehuldig teenoor die Matabeles.

Mzilikaze, wat vooraf gewaarsku is oor die aantog, laat sy volgelinge, uit vrees vir die Koranagewere, hul veeposte ontruim. Genoeg vee is egter agtergelaat om die aanvallers se gierigheid te bevredig, en hulle te laat terugtrek. Mzilikaze se impi het hul vir drie dae gevolg, dog skuil gehou, en teen die aand van die derde dag die gesamentlike laer omsingel. Vroegdag is die laer oorval, en almal behalwe Moletsane en sy Bataung, wat met ´n trop beeste vooruitgestuur is, is gedood. Tydens hierdie slag het Mzilikaze die eerste keer in besit gekom van perde en gewere. (Becker, 1962:88.)

Moletsane het, na die dood van sy bondgenoot, Jan Bloem, besef dat Mzilikaze nie hierdie aanval en rooftog van hom ongestraf sal laat nie. As gebaar, om sy berou te toon, stuur hy ´n klomp beeste vir Mzilikaze. Die beeste is geneem, dog Mzilikaze het nie sy verskoning aanvaar nie. Gelyktydig met die aankoms van die beeste het ´n Barolongafvaardiging Mzilikaze bereik, wat sy hulp teen die stroper en plunderaar, Moletsane, gesoek het. Kort daarna is die Barolong toe ook deur Moletsane aangeval, en, getrou aan sy beloftes, stuur Mzilikaze ´n mag van 1 000 man (Becker, 1962:90) om die Bataung oor die Vaalrivier te verdrywe. (Omer-Cooper, 1969:137 - 138.)

### 4.3.6 Dingaan se aanvalle teen Mzilikaze: Matabele-invloed verder Suid en Wes

Waarom Dingaan wraak geneem het op Mzilikaze, is moeilik te begryp. Dingaan, net soos Mzilikaze, het immers ook teen Tsjaka se gesag in

opstand gekom, trouens, hy het Tsjaka vermoor. Die feit dat Mzilikaze die Zoeloedespoot verlaat het, moes eerder in sy guns getel het, dog Dingaan het tog teen Mzilikaze opgetree. Die volgende waarskynlikhede is aan te voer ter aanbieding van redes:

* Mzilikaze was tydens sy verblyf by Tsjaka ´n gunsteling van Tsjaka - Dingaan het al Tsjaka se gunstelinge uit jaloerse wraak laat doodmaak. (Omer-Cooper, 1969:131.)

* Die Zoeloeleërs wat doelloos by die krale rondgelê het, het rewolusie beplan. Dingaan moes dus iets vind om die ou glorie te herwin, dus is hulle op hierdie ekspedisie teen Mzilikaze uitgestuur om hulle besig te hou.

* Die Zoeloeleërs, waarin hyself nooit gelukkig was nie, het vir Dingaan ´n bedreiging geword. Dus, hoe verder hul van die huis af opereer, hoe veiliger vir hom: (Die bedreiging is juis vanweë die feit dat die leër, veral vroeër, vir Tsjaka vereer het.)

* Dingaan wou waarskynlik bewys dat hy groter en magtiger as Tsjaka is, deur sy mag 600 km. van sy tuiste af, af te dwing, en

* daar was Dingaan se vrees dat Mzilikaze moontlik kon terugkeer na Tsjaka se dood, en die Zoeloetroon van hom kon afneem.

Dingaan het sy mag, onder aanvoering van Ndlela, in April 1830 uitgestuur. Tydens die aanhoor van die berig dat die Zoeloemag in aantog was, was vyf Matabeleregimente weer afwesig op ´n tog oor die Limpopo teen Mgibe. Mzilikaze het by sy oom aan moederskant, Sikunyane, wat ook uit Natal gevlug het, om alliansie aangeklop. Dit was egter vrugteloos. Om sy kanse op ´n oorwinning nog te verskraal, het van die Ngunivlugtelinge, wat vroeër by hom skuiling teen Tsjaka gesoek het, hul by die Zoeloes, wat in aantog was, aangesluit.

Mzilikaze het elke beskikbare manskap gemonster, en die inisiatief in eie hande geneem deur eerste aan te val. Gelukkig vir hom, was Ndlela nie by die Zoeloevoorhoede tydens die aanval nie. Beide groepe het swaar verliese gely. Die Matabeleminderheid het in die digter bosse en rante teruggetrek om die beweging van Zoeloes te vertraag. Teen die aand het die Matabele teruggetrek met swaar verliese, haastig opgepak , en verder wes getrek. Die volgende dag het die Zoeloe-impi die beestroppe wat agtergelaat is, bymekaar gemaak en hul terugtog na Zoeloeland begin. (Becker, 1962:135.)

Mzilikaze het nie lank gewag voordat die verlore beeste aangevul is deur strooptogte te onderneem na verskeie gebiede nie. So is ´n strooptog na die Caldedonvallei in 1831 onderneem. Hier het die Matabele ´n ligte skermutseling gehad met die Batlokwa te Umparani, tuiste van Sekonyela en Merabing, stat van Mantatese. Hulle het dit egter nie die moeite werd geag om tyd te verspil teen die Batlokwa nie. Die mikpunt was Moshesh te Thaba Bosigo.

Thaba Bosigo was ´n natuurlike bergvesting met steil kranse, enkele bewaakbare toegangsweë, en ´n plat oppervlakte van 188 hektaar. Na die gedurige aanvalle deur die Batlokwa teen Butha-Buthe, het Moshesh met sy Basotho na Thaba Bosigo (Berg van die Nag) verhuis. By hul aankoms te Thaba Bosigo in Maart 1831 het die Matabele, waarskynlik onder aanvoering van Kalipi, hulself in die Klein-Caledonrivier gewas, en toe ten aanskoue van die Basotho ´n oorlogsdans uitgevoer. (Becker, 1962:136 - 137.)

Die volgende dag is twee onsuksesvolle pogings aangewend om die berg stormenderhand in te neem. Elke keer is die Matabele toegelaat om halfpad teen die passe op te beweeg, en dan is hulle met klippe en spiese van die kranshange af bestook, sodat hulle onverrigtersake moes terugval. Uit moedeloosheid het Kalipi sy magte teruggeroep om na die Magaliesberg terug te keer. Voordat hul vertrek, is hulle deur Moshesh van ´n paar beeste voorsien. Die boodskap wat die beeste vergesél het,

het volgens Becker (1962:137) gelui: "The great Moshesh wishes the Matabele to become the friends of the Basotho ..."

Met hierdie boodskap aan Mzilikaze is die Matabele-impi terug. Die Matabele het ook nooit weer ´n poging aangewend om die Basotho aan te val nie.

Hierdie poging van Mzilikaze was sy bydrae om, in ´n gebied wat reeds deur onrus, moord, brandstigting en plundery onderworpe was, die dooie kole van Difaqane, wat toe reeds langs die Caledonrivier uitgewoed was, vir ´n laaste keer aan te blaas.

Die jare 1831 en 1832 was die jare van konsolidasie vir Mzilikaze. Sy magsposisie is gedurig deur mede-inwoners bevraagteken, gevrees en betwyfel. Die grootste bedreiding van sy mag in die binneland, was afkomstig van die Griekwas. Die Griekwas, wat tydens die slag van Dithakong (1823) die "redders" van die Bathlapings geword het, (How, 1945:65 - African Studies vol. 13/2) het hulself onder leiding van Barend Barendse as sterk genoeg beskou om die Matabele van Mzilikaze uit te daag ten opsigte van reg tot dominansie van die gebied. (Omer-Cooper, 1969:139.)

Barendse se denkrigting is gestimuleer deur twee oorheersende faktore:
i) Daar was verslae van reuse-veetroppe waaroor die Matabele beskik, en hiermee saam was die Griekwa se smag na vee en hul natuurlike roofsug oorheersend.

ii) En verder was daar die feit dat die Matabele, nadat die Bakwêna totaal ontwrig is, ´n al groter destabiliserende faktor in die gebied suid van die Limpoporivier geword het.

Voorts het Barendse in toenemende mate versoeke tot hulpverlening teen die Matabele van stamkapteins ontvang. Die laaste versoek het gekom van Pilane van die Bakgatla. (Becker, 1962:140.)

Gedurende Junie 1831 het Boetsap (27°51´ S - 24°28´ O) die versamelpunt van die invalsmag teen Mzilikaze geword. Die samestelling het bestaan uit: Griekwas van Barendse; Springbok-Griekwas; Koranas; Bataung; Barolong; Bahurutse; Bakwêna en Bakgathlakrygers. (Kirby, 1955:381 - 384.) Die totale mag het bestaan uit ongeveer 1 000 man (Becker, 1962:140), wat vanaf Boetsap oor Makwassie na die Magaliesberggebied getrek het. Te Makwassie het verkenners die vooruitsigte op ´n voorspoedige veldtog verhoog deur te rapporteer dat die room van die Matabelemag afwesig is op ´n veldtog teen die Bamangwato. (Omer-Cooper, 1969:139.)

Deur vinnig toe te slaan, die veewagters van kant te maak, en die veetroppe suid te jaag, het die aanvalsmag daarin geslaag om ´n groot trop vee te roof. Van hul voorneme om die Matabele op hul knieë te dwing, het egter niks gekom nie. In plaas daarvan om die swak posisie waarin Mzilikaze hom bevind het, uit te buit, en aan te val, het die Griekwas eerder besluit om die buitgemaakte vee te beskerm, en haastig terug te trek.

By wyse van tromme is Mzilikaze in kennis gestel van die rooftog (Gronum, 1978:15.) Die reserwe Matabelemag is opgeroep om die invallers te agtervolg. Drie dae het die agtervolgers, uit vrees vir die Griekwagewere uit die gesigsveld van die invallers gebly. Teen skemeraand van die derde dag het die Matabele die invallers omsingel. Ligdag, die vierde dag, is die Griekwas op drie na almal uitgewis. Die Matabele het nie net van hul vee teruggekry nie, maar ook hul superieure krygsvernuf oor die Griekwas bewys. (Omer-Cooper, 1969:139).

### 4.3.7 Magsvestiging

Nadat die Bakwena verdryf, verslaaf en verdelg is, en die Matabeleveestapel deur die Zoeloes uitgedun is, het Mzilikaze sy oë na ander oorde gewend om sy veestapel aan te vul, en sy getal onderdane uit te brei.

´n Volgende rede waarom Mzilikaze die gebiede wes en noord-wes van die Magaliesberg begin eksploiteer het, lê opgesluit in sy vrees vir ´n herhalingsaanval deur die Zoeloe en die soeke na ´n veiliger gebied verder van die Zoeloemagte.

Sy belangstelling in die Maricodistrik is gewek deur berigte van volop water en weiding; uitgestrekte rietvalleie (vir die konstruksie van hutte); rante en klowe vir veilige toevlugsoorde; veetroppe van die Bahurutse, Bakgatla en Barolongstamme wat in die omgewing gewei het, en wat hom dus maklik ten prooi kon val.

In die lig van genoemde feite is dit dus logies dat Mzilikaze sy belangstelling opgevolg het deur eksploitasie van die genoemde gebied en onderwerping van sy inwoners.

Die Bangwaketse het ten noorde van die Notwanerivier onder Sebego hul uitgebreide stamgebied bewoon. Hulle was onder die Tswanastamme beskou as ´n stam wat rekenskap van hulself kon gee. Die bewyse daarvoor lê opgesluit in die feit dat hul in 1823 die Bataung van Moletsane, en in 1826 die Ngaraganye (Bahlakwana - ´n groep van die Bafokeng) wat later bekend geword het as die Makololo van Sebetwane, met welslae afgeslaan het.

Mzilikaze het aan die periferie van die gebied, wat hy beoog het om te betrek, begin om die stamme aan te val. Sy eerste keuse het op die Bangwaketse van Sebego geval. Die waarskynlike rede waarom hy van die verste gekose punt, dit wil sê van die weste na die ooste begin opereer het, was omdat hy, volgens my mening, die vlugtelinge in ´n knyptangbeweging teen sy sg. tuisbeskermingsregimente wou vasklem.

Die Bangwaketsegebied is stelselmatig verken en die sterkste Tswana-sametrekkings is gelyktydig deur omsingeling gedurende die nag afgesluit. Vroegoggend is die stat binnegeval, en is die aanslag op verskeie Bangwaketsestatte voltrek. Pitsa en Lwalwe, die hoofsentra van die Bangwaketse, is tot as verwoes. Die oorlewende Ngwaketse was op

vlug saam met Sebego, wat die aanslag oorleef het. (Molema, 1966:19.)

Die volgende noordelike Batswanastamme is vervolgens deur die Matabele aangeval:

* Die Bakgatla te Mapela (tussen Notwane- en Maricoriviere); hierdie groep, onder Pilane as woordvoerder, het enkele maande tevore vir Barend Barendse van die Griekwas aangemoedig om die Matabele aan te val;
* Die Bamangwato (Bangwato) te Shoshong onder kapteinskap van Sekgoma, en
* Die Bakwêna te Lefefe (Lephephi) onder Setshêle (Segeel, soos hy later bekend gestaan het onder die Afrikaner Boere.)

Die enkele vlugtelinge wat ontkom het uit die Matabeleaanvalle het hulself die huidige Botswana se suid-westelike Kalaharigebied deur hul oorlewende leiers laat inlei. Die Bangwaketse het onder Sebego swaar verliese aan menselewens, as gevolg van ontberinge aan dors en blootstelling, gely. So het Sebego self ook van dors omgekom. (Omer-Cooper, 1969:141.)

Waarom Mzilikaze nie voortgegaan het om ook die Bahurutse, wat hul aan die noordelike en sentrale deel van die huidige Maricodistrik bevind het, aan te val nie, is onverklaarbaar, dog sy magte is met hul buit teruggeroep na die Magaliesberg. Die vermoede bestaan dat Mzilikaze sy manskappe genoegsaam tyd wou gee om uit te rus voor die verhuising sou begin, en dat hy van voorneme was om goeie betrekkinge met die Franse sendelinge, wat hul in 1823 te Mosega gevestig het, aan te knoop. (Omer-Cooper, 1969:141.)

4.3.8 Verhuising: Marico - "Madi-kwa" (Daar is bloed)

Die verhuising vanaf die Magaliesberge het waarskynlik plaasgevind aan die einde van 1832, begin 1833. (Coertze, 1971:44.) Gekoppel daaraan is die geboorte van Lobengula, opvolger van Mzilikaze te Wilgeboomspruit en die vestiging van die Franse sendelinge Lemeau,

Pellisier en Roland, Maart 1832. (Pellisier, 1956: vol.8, 16.) Wat hul verhuising verhaas het, was ´n verdere aanval deur die Zoeloes. Die Zoeloe-aanslag is egter deur die jonger Matabeleregimente gestuit met slegs die verlies aan vee. (Smith, 1939: 78.)

In hul weswaartse tog is die Bahurutshestatte aangeval. Mzilikaze teer hier op die Difaqaneonrus wat reeds in die Maricodistrik ingedra is weens die gebeure in die Vrystaat. Die Tswana was reeds onderwerp aan spanning en in ´n groot mate verdeeld. Moletsane - "Die Verdeler verdeel die Bahurutse" was grootliks verantwoordelik vir die bestaande chaos waaruit Mzilikaze munt kom slaan het. (Kyk ook 5.2.5.) Tswenyane, aan die hange van die hedendaagse Enzelberg (Mezeg) is verwoes, en die geringe oorblywende Bahurutse is verder verslaan. [Hierdie Bahurutse is na aanvalle van Sebetwane se Makololo in 1823, en weer in 1824 deur sowel die Makololo as die Maputing van Tshwane oorwin. (Omer-Cooper, 1969:141.) Tshwane is op daardie stadium opgevolg deur Rratsebe - "Ore" - omdat Tshwane tydens die slag van Dithakong gesneuwel het.]

Die Bahurutshe boo Manyane, wat hulself ongeveer in 1650 te Borutwe (Mangopehalte - naby Groot-Marico) gevestig het, is hierna aangeval. Die oudste seun van kaptein Mangope Phofu, het probeer om die stamgenote tot weerstand teen die Matabele aan te spoor, dog is in sy poging gestuit, en deur ´n Matabele-assegaai verwond, en deur die invallers weggevoer. (Breutz, 1953(b): 58.)

Mokgatla, die volgende Lehurutshe-kaptein, wat sy vesting ongeveer agt kilometer oos van Mosega gehad het, is ook aangeval. Dus is ´n volledige verstrooiing van die Bahurutshestamme deur Mzilikaze se Matabele bewerkstellig. Die oorgrote meerderheid van die Bahurutshe het na Modimong uitgewyk om onder die Bataung beskerming te soek.

Mzilikaze het vyf woonareas vir hom in die Maricodistrik afgepen, te wete:

* Langs die Maricorivier (Koppieskraal en Pagskraal) waar sy indoena, Kabalonta, die man aan die stuur van sake was.

* Silkaatskop "Tlogotuna" was sy tweede konsentrasiepunt waar Marap die septer geswaai het.
* Die derde woonarea was te Tswenyane ("Bobbejaantjie"), waar Kampu die bevel gevoer het.
* Die vierde was te Kopanyeng ("Bymekaarkom") waar Sebeku en Gundwane vir Mzilikaze ingestaan het tydens sy afwesigheid, en
* Mosega ("Sny hom"), waar Kalipi aan bewind van sake was. (Gronum, 1978:12.)

Mzilikaze het van een sentrum na die ander beweeg soos wat omstandighede van hom vereis het. Hy het egter aan Kopanyeng voorkeur gegee as sy hoofstat of hoofsetel. (Gronum, 1978:12.)

Met Marico as basis het die Matabele die volgende groepe begin onderwerp:

i) Die Barolong

* Die Barolong boo Seleka het hul in die Klerksdorpse omgewing bevind. Vandaar het die Matabele hul na Platberg (Warrenton) verdryf. Te Platberg het Moroka later al die Barlongvlugtelinge bymekaar gemaak en na Thaba Nchu versit; (Molema, 1966: 13 - 15.)

* Die Barolong boo Rrapulana se woongebied te Rietspruit is aangeval, en hulle is verdryf na Platberg.

* Barlong boo Rratshidi - Mafikeng.
Na die aanvalle deur die Bafokeng, Bataung en Maphuting op Tawana, verdeel die stam in twee. (Molema, 1966:15.) Die groep wat onder die Bangwaketse gevestig geraak het, is deur die Matabele aangeval en verdryf.

ii) Die derde Griekwavergelding

Ongeveer 1834, tydens ´n roetinepatrollie deur die Matabele-impi onder

Kalipi, het ´n groep Griekwajagters hul langs die Vaalrivier bevind. Hierdie jagters onder Pieter Davids het sonder die nodige toestemming Mzilikaze se domein betree, dus het die Matabele, in opdrag van Mzilikaze, die hele jaggeselskap, op twee na, uitgemoor. Die twee Griekwas wat nie vermoor is nie, was ´n jong dogter, Truiya, en ´n seun, Willem, wat na Mzilikaze geneem is. (Bain, 1949: 144 - 145.)

Vir die volgende twee jaar het die Matabele geleentheid gehad om Marico volgens Matabelestyl te ontwikkel, dog die Matabele se wraaklus het sy eie ondergang gebring deur die Boere, wat ´n eie tuiste, rus en vrede gesoek het, aan te val.

4.3.9 Die Voortrekkers: Begin van ´n nuwe era

Alhoewel die eerste botsing tussen Matabele en Boer waarskynlik die oorsaak van ´n misverstand was, omdat die Matabele die Boere aangesien het vir Griekwas, was die aanval van die Matabele op die jagekspedisie (net soos teen die Griekwajagters) van Stephanus Erasmus onverwags en sonder provokasie. [Die Trekkers wou met alle Swartes onderhandel vir die reg tot okkupasie, en nie onderwerping toepas in hul soeke na ´n tuiste nie. (Van der Walt, 1966:194.)]

Die Matabele, onder aanvoering van Marap, [nie Kalipi soos Becker (1962:163) beweer nie] was in Augustus 1836 op ´n strafekspedisie teen die Bataung, wat na bewering saam met ´n groep Griekwas, vee van die Matabele geroof het toe hulle op die waens van die Trekkers afgekom het. Die volwasse blanke mans was op jag uit toe die Matabeleaanval geloods is. By hul terugkeer het die Trekkers die verwoeste laer, met almal daarin vermoor, gevind. Erasmus het dadelik die Voortrekkers aan die suidekant van die Vaalrivier (Parys) gaan waarsku teen die dreigende Matabelegevaar.

Die Voortrekkerwaens wat verspreid langs die suidekant van die Vaalrivier gestaan het, om nie ´n samedromming van vee op een weigebied te veroorsaak nie, is deur Erasmus en sy seun gewaarsku. Die vermoede

bestaan dat ene Piet Bekker en sy seun ook die waarkuwings na van die Trekkers oorgedra het.

Een van die Trekkergroepe wat aangeval is, was die Liebenbergfamilie. Hulle is nie gewaarsku nie, en is dus onverhoeds betrap. Die geweervuur uit die Liebenbergwaens kon die Matabele-aanval nie stuit nie. Die vader is gedood, terwyl die moeder by die Matabele gepleit het vir die lewe van haar kinders (Gronum, 1978:40). Die oudste seun, Hendrick, sowel as ´n dogter is in die geveg gedood.

Barend Johannes Liebenberg, toe 10 jaar oud, is onder dwang van Marap, saam met die impi en vee weg, terug na Mosega. Op pad na Mosega is Barend egter vrygelaat. (Gronum, 1978:41.)

Die volgende aanval op die Voortrekkers, op 16 Oktober 1836, was teen hul laer te Vegkop gemik, waar Kalipi sesduisend man teen die Voortrekkers in die geveg gemonster het. Teen die gefortifiseerde laer kon die Matabele nie daarin slaag om die Voortrekkers te oorwin nie, dog Van der Walt et al. (1966:205) is ´n groot hoeveelheid vee gebuit: "honderd perde, vyfduisend beeste en vyftigduisend skape."

Gedurende die volgende reënseisoen het die Matabele, onbewus van gevaar wat hul voortbestaan bedreig, geplant en hul gewasse bewerk sonder om hul te steur aan die Voortrekkers op hul suidgrens.

Die vraag wat gestel kon word, is: Waarom is die Matabele op 17 Februarie 1837 *1 so onverhoeds te Mosega betrap? (Omer-Cooper, 1969:145.)

---

*1. Daar bestaan verskille oor die datum vir die slag van Mosega. A.J.H. van der Walt (1966:207) gee dit aan as 17 Januarie 1837, en C.F. Gronum (1978:41) as 17 Februarie 1837. Gronum bied ook 'n verklaring aan waarom 17 Feb. meer aanvaarbaar blyk te wees, omdat dit die datum is wat ooggetuies soos Jan Viljoen, Okkert Oosthuizen en Koert Grobler aangebied het.

# BRIEF VAN M.A. AAN C. F. GRöNUM GEDATEER 2 FEBRUARIE 1977

Ek het vir my ses kaarte wat mekaar inpas, gekry. Dit gee die deel tussen Straatsdrif tot by Ottoshoop (van Noord tot Suid) en tussen De Putten en soön 6 myl Oos van Groot Marico — van Wes na Oos.] Ek gaan nog 4 kaarte bykry om aan te sluit, en dan sal ek die rigtings van Bronmansdrif en die Wondergat kan sien ~~tot~~ by Gubbins, en ook tot by die Bobbejaangat en die hele Mosega-gebied.

Daarop kan ek dan die ~~[illegible]~~ trek koers en die Aanvals-koers in die Slag van Mosega reg aandui: Oor die plase Wundheuwel Stinkhoutboom (soos die Bobbejaangat wat ook op die kaart aangedui word.). Dan sal ek die aanval van Dagbreek af dwarsoor Mosega met al die talle besonderhede soos ons dit deur die verskillende Blankes en Naturelle verkry het. — Dis 'n lang verhaal met die hele ligging van Mosega, Stinkhoutboom, die „Twee" Wellevredes (van Grönum en Botha) Uitvlucht en Vergenoeg (Jan Viljoen) en daarvandaan af die vervolging oor die gebied ~~tot by~~ Oom Org se hoogte en af in die Rigting van Kareespruit. Hierdie Linkerflank van die vlugtende Matabeles en Bahogroetsies is later oor Sephtonsnek die Bosveld in

4.

Die stroom vlugtende Matabelies en Bahoeroetsies wat van Weltevreden in die rigting van die ~~[illegible]~~ huidige treinspoor, oor Kalkfontein en en Kruisrivier langs gehou het — het waar eindelik geeindig deur Klein Marico'spoort.

Oordie Wye veld van Mosega af, het Potgieter en Maritz se Manne die Matabelies agtervolg, tot naby waar die latere Zeerust gestig is.

Die rol van „Ou" Matjabie, wat die veiligste" koers vir Potgieter en Maritz aangedui het tot oor die insinking by die Bobbejaangat, en tot by die Mosega of Antjie se kop is van die uiterste belang. Want Ou-Matjabie was ook gevangene onder die Matabelies en die onderdrukkings, om en by Mosega ~~[illegible]~~ voordat hy in die rigting van Inka Nehi weggevlug het met 'n klein aanhang. Op die wyse het hy vir die Moord op Liebenberg en Erasmus se manne en na die Slag van Vegkop in samewerking met Potgieter en Maritz getree. So het Ou Matjabie en sy aanhangers, saam getrek tot by Kruisrivier en Kareespruit. ~~[illegible]~~

Die volgende moontlikhede dien as antwoord:
Die feit dat die Matabele die Boere met die Griekwas, wat nooit vergeldingspatrollies na aanvalle deur die Matabele geloods het nie, vergelyk het;

Die Matabeles het die mening gehuldig dat die Voortrekkers sonder vervoermiddels na die slag van Vegkop, gestrand gesit het;

Die afwesigheid van Kalipi te Mosega - hy was deur Mzilikaze na Kopanyêng ontbied - het ´n verslapping in die Matabele se waaksaamheid teweeggebring. (Gronum, 1978:42.)

Die heel waarskynlikste rede was dat die Batswanaveewagters, wat die Matabelebeeste opgepas het, se monde deur Motlabe, die Voortrekkergids, gesnoer is om nie die Matabele te waarsku nie.

Die feite van die slag was dat die Voortrekkers, onder leiding van Hendrik Potgieter en Gerrit Maritz die Matabelesetel, Mosega, aangeval het. Die vergeldingsmag het bestaan uit:Eenhonderd en sewe Voortrekkermans, Veertig berede Griekwas; Sestig Barolongvegters onder Motlabe. ("Motjabie" / Machavie.)
Mosega is vernietig, die Matabelemag is verdryf, en die Voortrekkers het hul vee teruggekry.

Die voorlaaste angel wat die Matabele sou verdelg, en gehelp het om tot hul ondergang te lei, het uit die oord van ou gekoesterde wraak uit Zoeloeland, gekom. Dingaan het ´n laaste poging aangewend om, die "ongehoorsame Nguniseun" en sy daad van verraad teen die Zoeloeryk, te straf.

In Junie 1837 het die laaste tonele van die Zoeloe-Matabelekonflik ontvou. Die totale Izimpangelaregiment, die trotse Matabeleregiment, is uitgewis, dog die Zoeloemag is met net soveel dooies en gewondes teruggedryf. Dit dui daarop dat die Matabele, wat vir die derde maal in

agt jaar deur die Zoeloes aangeval is, nie weer soos by die vorigè twee geleenthede teruggedeins het nie. Die Matabele het hul staal teen hul gelyke bewys. (Bryant, 1929:436; Preller, 1963:32.)

Die beslissende slag, wat die Matabeledominansie finaal verbreek het, was die slag wat bekend geword het as die "Negedaagse slag" van 4 tot 12 November 1837. (Gronum, 1978:61). Tydens hierdie slag wat nege dae aaneenlopend geduur het, is al die konsentrasiepunte van die Matabele aangeval. Die 360 man onder aanvoering van Hendrik Potgieter en Piet Uys het geen steen onaangeroer gelaat om elke moontlike plek waar ´n Matabelekraal gevestig kon wees, uit te soek, en met die aarde gelyk te maak nie. [L.W. Moilwa II het ook deelgeneem aan die Negedaagse slag aan die kant van die Voortrekkers. (Molema, 1966:84.)]

´n Verkorte weergawe van die nege dae se gevegte word hier voorgehou:

4 November: Die Matabelekraal van Kampu, wat afwesig was te Tswênyane, is aangeval. Die Matabelekrygers wend ´n halfhartige poging tot teenstand aan. Die Barolong, onder Motlabe steek die stat aan die brand.

5 November: Opruiming van Matabeles wat hul in die Enzelsbergomgewing skuilgehou het.

6 November: Koppieskraalslag - Kobalonta se verspreide gehuggies word aangeval, en die Matabeles vlug noord. Marap, met versterkings van Silkaatskop, val die Boere met mening aan. Hy word met geweldige verliese verdryf.

7 November: Mzilikaze, laat al sy statte, deur die vroue en kinders, ontruim. As begeleiding vir die vroue word Gundwane met die Mnyama - Makandaregiment gestuur. (Coertze, 1971:45.) Slegs die manskappe word slaggereed agtergelaat. Kalipi, Sebeku en die twee vegbeesregimente moes die hoofstat, Kopanyêng verdedig. Die Boere val Silkaatskop aan en

verdryf die Matabele suid-suidwes.

8 November. Mzilikaze besoek self die gevegsfront in ´n poging om die gevegte ´n wending in sy guns te probeer gee. Hy neem stelling in op Maaierskop, terwyl Kalipi en Sebuku ´n lokval met hul magte parallel met die aankomende vlugtelinge lê. Die lokval lei tot die uitdelging van sy eie mense deur die Voortrekkers. (Potgieter en Theunissen, 1938:88.)

9 November. Met die Vegbeesregimente in die middel, Kampu en Marap op die regterflank, en Kalipi en Sebeku op die linkerflank is gepoog om Kopanyêng te verdedig. Die vegbeeste, wat eerste losgelaat is op die Boere, skrik vir die geweervuur, en saai pandemonium onder die Matabele. Kopanyêng gaan in vlamme op.

10 November. Mzilikaze vlug agter die "Dwarsberg" in ´n noord-oostelike rigting. Die Boere agtervolg die Matabele en bly voortdurend die agterhoede uitdun.

11 November. Die Matabele lê die volgende onsuksesvolle hinderlaag, en die eerste oorgawe van groepe Matabele aan die Boere volg. (Gronum, 1978:80.)

12 November. Beeste word bymekaargemaak vir die terugtog. Die Matabele van Mzilikaze het die Transvaalse grense finaal verlaat, en hul te Zimbabwe gaan vestig. (Moffat, 1945:371.)

4.3.10 Die invloed van die Matabele

Die invloed wat die Matabele op die sentraal Suid-Afrikaanse Hoëveldgebied uitgeoefen het, en die gevolge van hul tydige verblyf en gelate vakuum na hul gedwonge verhuising, kan soos volg saamgevat word:

Vanaf die Bapedi in die noord-ooste van Transvaal tot by die Batlhaping

in die Noord-Kaap was geen volk, stam of familie onder die Sothovolke onaangeraak nie.
Volke soos onder andere die Bapedi, Bakgatla en Bahurutse, is verslaaf, uitgemoor en van hul trots ontdaan. Sosiale strukture het verander as gevolg van die opname in ´n ander struktuur, naamlik dié van die Matabele. Verarming, ontwrigting en kannibalisme het ingetree as gevolg van die feit dat groepe die reg tot vreedsame voortbestaan ontneem is. (Die trek van die Barolong na ThabaNchu, byvoorbeeld.) Stamhoofde en opvolglinies het verdwyn. Hiërargiese orde in stamstruktuur het verlore geraak. (Die uitwyk van die Bahurutshe na Modimong en hul gevolglike opvolgprobleme na die afsterwe van Moilwa I.)

4.3.11 Die posisie na die Matabele se gedwonge verhuising het soos volg daaruitgesien.

Die oorspronklike Swart bevolking op die Hoëveldgebiede het in los groepe verspreid rondgetrek met hul ou tuistes ontruim en onbewerk. Die binneland van Transvaal was ontvolk met slegs enkele stamme en splintergroepe wat in afgesonderde skuilings binne hul tradisionele woongebiede skuiling gesoek het. Groter stamme, soos die Venda en Bapedi het aan die grense van Transvaal ´n volkshuishouding aan die gang gehou.

Die hele Vrystaatgebied, behalwe langs die bolope van die Caledon en te Thaba Nchu, was ontruim van enige gevestigde stamme.

4.3.12 Mzilikaze: Die agterhoede van die Difaqane

Die Matabele het die afrondingswerk, die voltooiing en ook voltrekking van die dade wat Mantatese, Tshwane, Moletsane en Sebetwane begin het, kom doen. (Kyk hoofstuk 5 vir die bg. drie karakters se aandeel.) Mzilikaze was egter net meer planmatig, net meer brutaal en het op groter en meer georganiseerde skaal die Difaqane voltrek.

Die lotsbeskikking van God, die Almagtige, het dit so bestem dat die

binneland van Suid-Afrika ontruim moes word vir die vestiging van ´n nuwe entiteit, ´n nuwe kultuur en nuwe waardenorme in hierdie ontruimde gebied.